(20)
National Archives
of Namibia
CONF/0002, 30

8.1 Plase of grond moet aangekoop word.

8.2 Lenings moet toegestaan word aan die beginner boer. Het sy vir vee of tuinbou.

9.1 Baie van die kommersiële plase word nie produktief gebruik nie omdat die man meer as een plaas het en net op twee produktief boer en die ander net lê. Sulke plase moet verkoop word en aan andere wat nie het, maar wat graag wil boer gegee word. Ons voel om ook net soos ons landgenote grond eienaars te word. Ons voorvaders het grond besit wat hulle moes afstaan. Ons wil ook ekonomies bydra.

9.2 Verder voel die gemeenskap dat die mense gehelp moet word wat graag wil boer maar wat nie op sy eie onmiddellik kan begin maak nie. Weens die onstabiele toestande wat geheers het, het baie van die mense dit verloor wat hulle gehad het en ook as gevolg van die feit dat hulle nie grond het nie. Die hulp moet in die vorm van diere wees.

9.3 Die gemeenskap van Gochas en omgewing was grondbesitters as ons moet terug kyk na die geskiedenis. Kaptein Simon Kooper het Gochas as sy hoofkwartier of dorp gehad sy gronde het gestrek so ver as Persip tot in die Nosobrivier en noord van Gochas tot in Tsaurob. Tradisioneel is ons net soos die andere geregtig om aanspraak te maak op dit wat ons eie was, wat ons op 'n baie onregverdige manier verloor het. Ons versoek tot die regering is om die aangeleentheid in baie goeie gees en verstandhouding te laat geskied.

Gochas Community
- Hendrik Witbooi
Frikkie Philander